

HOOFSTUK 4: DIE SONDVLOED EN TORING VAN BABEL

1. Die aanloop na die sondvloed toe (Gen. 6 e.v.)

Die “seuns van God” is mense wat in ’n besondere verhouding tot God gelewe het, met ander woorde die vroom en gelowige manne. Hierdie manne was nasate van Set, Enos en die aartsvaders. Daar is ’n hele paar plekke waar die Bybel die gelowiges “kinders van God” of “seuns van God” noem (Eks. 4:22; Deut. 32:5; Hos. 1:10; 11:1; Ps. 73:15; Joh. 1:12).

Die gelowige manne het gesien dat die dogters van die mense mooi was. Toe trou hulle met dié wat hulle verkies het. Genesis 6:3 laat ons glo dat die Here dit nie goedgekeur het nie.

Die vraag is: Waarom het die Here dit afgekeur?

- Omdat die seuns van God hulle in hulle keuse vir huweliksmaats nie deur religieuse beginsels laat lei het nie. Hulle keuses vir huweliksmaats het suiwer op die uiterlike (skoonheid/mooiheid) berus.
- Die woorde in die Bybel gee ook rede om te vermoed dat poligamie (veelwywery) op groot skaal beoefen is.

Ons ken nou al die Here se reël baie goed. God straf sondes – ook hierdie sonde van verkeerd trou! Hoe doen die Here dit? Hy trek net sy Gees van die mense af weg. Dit beteken hulle einde. Die oomblik toe die Here sy Gees onttrek, toe word die mense heeltemal vleeslik. Hulle doen toe allerhande verskriklike sondes.

Ons ken ook nou al die Here in sy genade.

- In sy lankmoedigheid gee Hy vir die mense nog honderd-en-twintig jaar uitstel om tot bekering te kom.
- Die Here openbaar hierdie feit eers in die Nuwe Testament (1 Pet. 3:20).
- Dit openbaar dan hoe lank Noag gebou het aan die ark en hoe lank hy gepreek het dat die mense tot bekering moet kom.

Al word die hele skepping vernietig, is die Bybel duidelik daarvoor dat God hierdie straf beskik het **oor die mense**.

Hierdie mense wat uit die vermenging ontstaan het, was helde. Hulle was fisies geweldig sterk. Maar hulle lewens was ook baie gewelddadig!

2. Noag bou die ark

Die Here het Homself in ’n verbondsverhouding tot die mens gestel (Hos. 6:7a).

- Die ontstaan van alle verbonde rus op God se soewereine beskikking. Die verbond is dus eensydig in sy bestaan. Maar die verbond is tweesydig in sy voortbestaan. Dit is dus vir sy voortbestaan afhanklik van die deelgenootskap van die mens.
- ’n Verbond is ’n kontrak, maar ’n baie spesifieke soort kontrak. Dis ’n kontrak wat deur God alleen opgestel word en waarvan ons spontaan die tweede party uitmaak.
- Alle verbonde bevat ’n eis en ’n belofte. Die eis van alle verbonde is totale gehoorsaamheid aan God, die Almagtige. Die belofte is die ewige lewe.
- Die natuurverbond is ’n verbond wat God met Noag opgerig het. Die belofte was dat God nooit weer die aarde met ’n vloed sou verwoes nie en dat die seisoene van toe af mekaar sou afwissel. Die eis was gehoorsaamheid.

3. Tabel van die verbonde

Verbond	Met wie	Eis	Belofte	Teken
Die werksverbond	Adam	Gehoorsaamheid aan die proefgebod	Die ewige lewe	Geen
Die natuurverbond	Noag	Gehoorsaamheid	Die skepping sal nie weer met water verwoes word nie Die seisoene Die mens se ouderdom word beperk tot 120 jaar (Gen. 6:3)	Reënboog
Ou Testament Genadeverbond	Abraham	Gehoorsaamheid	Die beloofde land Baie nasies sal uit hom gebore word (Gen. 17)	Die besnydenis
Nuwe Testament Genadeverbond	Jesus	Gehoorsaamheid – Jesus Geloof in Jesus Christus – ons	Die ewige lewe	Die doop

Toe die mense so sleg word, het dit God berou dat Hy hulle gemaak het. As iets God berou, beteken dit nie soos by ons dat hy spyt kry nie. God se berou beteken dat Hy ook emosie het. Hy staan nie los van ons mense en voel niks vir ons nie. Toe die Here die klomp verderf op die aarde sien, het Hy ontsteltnis en hartseer beleef. Hy het gesien dat die hele skepping daarna roep dat die gesalfde Verlosser gebore moet word.

Diep teleurgesteld het die Here besluit om die mense te verdelg. Saam met die mense moes die wêreld wat God vir hulle voorberei het, gestraf word, want die aarde is ter wille van die mens vervloek. Daarom is die diere en die plante ook deur die sondvloed verdrink.

Een van die mense – Noag – het by die Here genade gekry. Die Bybel leer dat hy 'n regverdige en 'n opregte man onder sy tydgenote was. Hy het net soos Henog met God gewandel.

Die Here het vir hom 'n opdrag gegee. Hy moes 'n ark (ark = vaartuig) bou. Die Here gee ook vir hom die rede: Daar gaan 'n watervloed kom wat alle lewe gaan verdelg. Noag en sy drie seuns kry die opdrag om met hulle vrouens in die ark in te gaan. Met hulle sluit die Here 'n verlossingsverbond.

Noag het die ark gebou. Dit was 'n geloofsdaad, staan daar in Hebreërs 11:7 (AFR1953):

Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Waarom was geloof nodig? Omdat hy 'n Goddelike waarskuwing ontvang het. Hy het dit ook vir die ander mense gepreek. Sowel Aalders (in: *Korte Verklaring*) as die *New Bible Dictionary* verklaar – deur verskillende tekste met mekaar te vergelyk – dat Noag se bekeringspreke 120 jaar lank aangehou het. Almal het hierdie waarskuwing egter in die wind geslaan! Ons lees daarvan in 2 Petrus 2:5 (AFR1953):

. . . en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het; . . .

Van al die diere het, as gevolg van God se inwerking op hulle, na die ark toe gekom om behoue te bly. Na die diere het Noag en sy gesin in die ark ingegaan. In sy trou het die Here self die ark agter Noag toegemaak.

Let wel:

- Noag (met sy gesin) en die diere was ongeveer 'n jaar lank in die ark. Noag was 600 jaar oud toe dit begin reën het en toe hy 601 oud was, het die ark gestrand en het die aarde weer droog geword.
- Hoe het hulle almal daar ingekom en ook nog so lank in die lewe gebly? Die antwoord lê in die almag van God. Hy openbaar nie die HOE van hierdie wonder nie. Hy openbaar net die DAT: God het dit gedoen omdat Hy almagtig is.
- Die sondvloed was katastrofies vir die ou wêreld, maar dit was nie die eindgerig nie.
- Op God se bevel gaan Noag uit die ark en begin die nuwe geskiedenis in die geloof(!). Hy bou dadelik 'n altaar vir die Here. Dis die eerste keer dat ons van 'n altaar lees.

4. Die onderneming van die Here!

Onder die geur van die offer van Noag, maak die Here 'n belofte: Hy sal die aarde nie weer met 'n algehele vloed verwoes nie. Die Here gee die rede: Die versinsel van die mens se hart is sleg van sy jeug af! (Met ander woorde mense word nie deur die straf van die Here beter nie! Hoe jammer dat die sonde hom al so ver op ons mense gewreek het!)

5. Die betekenis van die sondvloed

Die sondvloed getuig van sowel redding as van oordeel.

- Die redding word later voltrek in Christus. Daarom is die sondvloed 'n simbool van die doop tot bekering – die doop tot die redding van die regverdiges (1 Pet. 3:21).
- As oordeel is dit teken van die uiteindelijke gerig van God – die eindoordeel. Dan gaan God die hele wêreld weer vernietig. Die rede sal wees dat die mense weer net so sleg en goddeloos geword het soos in die dae van Noag (1 & 2 Petrus). Die verskil is net dat die Here die aarde dan gaan verbrand – Hy vernietig dit dan nie weer met water nie.

6. Noag se sonde die aanleiding vir die skeiding in sy huisgesin

Ons lees die geskiedenis van Noag in Genesis 9:18-29; 10. Noag was 'n landbouer wat hom ook besig gehou het met wynbou. Hy het 'n wingerd geplant en hom dronk gedrink aan die wyn. Terwyl hy dronk was, het hy kaal in sy tent gelê.

Sy jongste seun, Gam, het sy pa gesien waar hy daar kaal in sy tent gelê het.

- In plaas daarvan om dit vir homself te hou, het hy dit vir sy broers gaan vertel.
- Die Here beskou dit as 'n eerlose en skandelijke daad.
- Gam moes nie sy pa se skandes oorvertel het nie, en hy moes self iets daaraan gedoen het om sy pa se eer te red.

Sem en Jafet het 'n ander gesindheid gehad as Gam. Hulle het vir hulle pa se eer geskerm.

- Daarom het hulle 'n kledingstuk gevat en agteruit na hulle pa toe geloop en die kledingstuk oor hom gegooi terwyl hulle anderpad gekyk het.
- Op dié manier het hulle hulle eerbied vir hulle pa betoon.

Toe Noag uit sy dronkenskap wakker word, het hy agtergekom wat gebeur het. Hy het ook uitgevind wat Gam gedoen het. Hy het toe 'n profesie oor sy seuns uitgespreek. God het sy verstand verlig, sodat hy in die profesie die toekoms van die nageslagte van sy seuns geopenbaar het.

7. Noag se profesie oor sy seuns

In die profesie oor sy seuns het Noag vir Kanaän, die seun van Gam, vervloek.

- Die gebruik was om vir die oudste seun die beste seën te gee, sodat die seën van God op dié manier oor die nageslagte bevestig word.
- Toe Noag die oudste seun van Gam vervloek het, het die vloek wat uitgespreek is, oor daardie geslagte bly hang.
- Die Kanaäniete, die nageslag van Kanaän, het hierdie vloek gedra. In die geskiedenis kan gemerk word dat die Kanaäniete grootliks deur Israel uitgeroei en tot knegte gemaak is.
- Die vloek het in die geskiedenis sy voltooiing bereik met die beëindiging van die bestaan van die Kanaäniete as volk, en daar is in die moderne tyd geen volk wat as nageslag van Kanaän aangedui kan word nie.

Noag het sy seuns só geseën:

- Sem het die rykste geestelike seën gekry (Gen. 9:26). Die Here het in 'n besondere verhouding tot Sem staan. Die Here word die God van Sem genoem. Uit hierdie geslag is die Here Jesus Christus gebore.
- Jafet het 'n meer tydelike seën ontvang, maar hy sou ook deel in die seën van Sem (Gen. 9:27). Ons stam van Jafet af.

8. Die lyn van verlossing en verwerping (Gen. 10)

Uit die nageslag van Sem is Abraham afkomstig.

- Die geskiedenis van God se openbaring loop van Adam en Set oor Noag en Sem.
- Van Sem af loop die lyn deur tot by Abraham.
- Abraham word genoem die vader van die gelowiges; hy was die vader van die volk van die verbond. Uit Abraham se nageslag is Juda gebore, en uit die geslag van Juda, koning Dawid. Veel later is die Messias uit dieselfde geslag gebore.

Uit die nageslag van Jafet is die Grieke, Romeine en die Westerse volke – die bewoners van Europa – afkomstig.

Dit is nie moontlik om alle Oosterse en ander volke terug te vind in die opsomming van Genesis 10 nie. Die visie van hierdie opsomming is beperk tot die volke wat in die ou tyd bekend was.

Wat openbaringshistories van belang is, is dat die skeiding wat in Genesis 3:15 aangekondig word, hier al hoe duideliker word.

- Daar is altyddeur mense wat in die geaardheid en styl van Kaïn is, en hulle word voortdurend deur die Here uit sy (kerk)volk uit verwyder.
- Daarom word die vloek oor Gam se oudste seun en sy nasate uitgespreek. Daarmee word die skeiding tussen hulle en die gelowiges aangekondig.

Kyk net wie is almal uit hierdie geslag gebore. Uit die nasate van Gam se seun **Misrajim** was die **Sidoniërs**, die **Jebusiete** en die **Amoriete**. Dit was almal volke wie se blyplek later afgeneem is. Hulle is deur Israel uitgeroei.

“Misrajim” is natuurlik die Hebreeuse naam vir Egipte. Sou ons kon aflei dat die latere Egiptenare juis Misrajim se nasate was?

9. Die skeiding by die toring van Babel

9.1 Die doel waarom die mense saam wou bly (Gen. 11:1-9)

Die mense het mettertyd al meer teen God in verset gekom. Hulle verset was later so sterk dat hulle besluit het om nie die Here se gebod dat die mensdom die aarde moet vul, te gehoorsaam nie. Om hierdie opdrag te dwarsboom het hulle die toring van Babel gebou.

Die nakomelinge van Noag het in die Armeniese gebergtes gewoon, in die nabyheid van die berg Ararat waar die ark tot rus gekom het. Mettertyd het hulle van die berge af na die vlaktes toe getrek. Hulle het dit waarskynlik gedoen om vrugbaarder land te soek. Later het hulle hulle in ’n laagte tussen die Eufraat- en Tigrisrivier gevestig. Hierdie laagte is Sinear genoem.

Hier het die gedagte by hulle opgekom om hulle teen die opdrag van die Here te verset.

- Hulle het toe besluit om ’n groot ryk te stig met die stad Babel as middelpunt.
- Daar wou hulle teen die uitdruklike bevel van die Here (Gen. 1:28) bymekaar bly en vir hulle ’n naam maak.
- Hulle wou ’n toring bou waarvan die punt tot aan die hemel raak.
- Hierdie toring moes die mense bymekaar hou, sodat hulle nie oor die hele aarde verstrooi word nie.

9.2 God keer hierdie plan en straf hulle

Natuurlik kon die Here nie sulke opstandigheid verdra of sommer net so laat verbygaan nie. Hierdie opstandigheid was ’n direkte verset teen God se mag. Daarom kon die Here dit nie toelaat nie.

God wou hê dat die mense moes vermenigvuldig en oor die hele aarde woon.

- Hierdie opeenhoping van die mense in Babel sou ingaan teen God se opdrag vir die mense.
- In die bou van so ’n stad het die mense misbruik gemaak van hulle gawes, en was hulle reeds besig om die gesag van God te misken en om te doen wat hulle self wou – presies wat die duiwel vir Adam en Eva in die Paradys aangebied het.

Daarom het God hierdie plan gedwarsboom. God het die hoogmoedigheid en verwaandheid van die mense gesien.

- Die Here het neergedaal en hulle taal deurmekaar gemaak.
- Wat normaalweg ’n proses is wat oor ’n lang tyd gebeur, het God hier in een handeling laat gebeur.
- As die een die taal van die ander nie meer kan verstaan nie, gaan die eenheid ook verlore.
- Die naam “Babel” word verklaar uit die spraakverwarring.

Omdat die mense mekaar nie meer verstaan het nie, is gemeenskaplike optrede ook daarmee onmoontlik gemaak.

- Die eenheid was verbreek. Die bouwerk het opgehou. Die mensheid het uitmekaar gegaan, maar groepe mense wat mekaar verstaan het, het in volke, nasionaliteite en ryke bymekaar gekom.
- So het die sondes van die mense tog daarop uitgeloop dat hulle aan God gehoorsaam moes wees.

Daarmee het die Here 'n groot verdeeldheid onder die mensdom laat plaasvind. Hulle was nie meer verdeel in geloof en ongeloof nie. Onthou hier was almal teen God in verset! Hulle was nou verdeel in baie verskillende volke.